**BOER SOEK 'N VROU 19 INSKRYWINGSVORM:**

Woon of werk jy op 'n plaas? Is jy ongetroud en op soek na jou ideale maat? Dink jy jy kan beter doen as die 180 Boere wat al deel was van die reeks? Skuif nader, want kykNET maak hulself reg vir die 19de reeks van Boer Soek 'n Vrou. Ons is opsoek na boere wat bereid is om 'n kans te waag op liefde! Skryf NOU in om deel te word van die legende van Boer Soek 'n Vrou. Manlike én vroulike boere van alle ouderdomme is welkom om in te skryf. Vat 'n kans, jy kan dalk net jou hart verloor!

Volle Naam:______________________________________________________________________________

Ouderdom:__________________Geboortedatum:_________________Tipe Boerdery:______________________Huistaal:______________

Hoogste akademiese kwalifikasie:______________________________Belangstellings:__________________________________________

Enige Kinders:_______________Indien wel, hoeveel:______________ Huwelikstaat: (ongetroud/geskei/wewenaar)____________________

Tel: (h)_____________________(w)____________________(sel)__________________________

Epos Adres:________________________________________________________

Fisiese Adres:________________________________________________________________________________

Provinsie:___________________________________

<u>Hierdie vorm moet deur jou onderteken word</u>. **Jy moet ongetroud en ouer as 21 jaar wees. Indien jy geskei of 'n wewenaar is, moet 'n afskrif van die skeidokument of sterftebewys aangeheg word. Vorms wat nie onderteken is nie, of wat geen foto's of ID dokumente en ander aangevraagde dokumente insluit nie, sal nie oorweeg word nie.**

**<u>HEG ASSEBLIEF DIE VOLGENDE INLIGTING BY DIE INSKRYWINGSVORM AAN:</u>**

- 'n Onlangse kleurfoto van jouself.
- 'n Afskrif van jou ID-dokument of paspoort (om te bewys dat jy ouer as 21 jaar is).
- Hoekom skryf jy in vir die reeks?
- Vertel ons in minder as 50 woorde watter eienskappe jy in jou ideale vrou/maat soek.
- Gee ons 'n kort opsomming van wie jy is en wat jou stokperdjies is.
- Wat is die belangrikste les/lesse wat jy uit vorige verhoudings geleer het?
- Wat sien jy as jou 3 beste eienskappe?
- Wat sien jy as jou 3 swakste eienskappe?
- Sien jy jouself as romanties? Hoekom?
- Vertel ons 'n bietjie van jou verhoudingsgeskiedenis.

Die *"Boer Soek 'n Vrou 19"* reeks sal bestaan uit 15 een uur episodes, voorafgegaan deur promosie insetsels wat eers die boere en dan die potensiële pasmaats werf. Die televisiereeks sal uiteindelik die wel en weë van 10 enkellopende boere volg in hul soeke na liefde. Aangesien *"Boer Soek 'n Vrou"* 'n realiteitsreeks is, sal die gekose boere hulself beskikbaar moet stel vir opnames op die plaas wanneer dit die vervaardigers se skedule pas en hulle sal van tyd-tot-tyd bereid moet wees om vir opnames (wat 'n paar dae mag duur) weg van die plaas af te reis.

- **E-POS** asseblief jou voltooide inskrywingsvorm (met bogenoemde informasie aangeheg) na:**boer@wolflightsa.com**
- **KOERIER** asseblief jou voltooide inskrywingsvorm (met bogenoemde informasie aangeheg) na: *"Boer soek 'n Vrou 19"*, Coronation Laan 11, SOMERSET-WES, 7130 .
- **<u>Inskrywingsvorms moet ons voor middernag, 9 SEPTEMBER 2026 per pos of e-pos bereik</u>**. Laat aansoeke sal nie oorweeg word nie.
- Jy kan ook die inskrywingsvorm op kykNET se webtuiste by <u>www.kyknet.co.za</u> kry en sodoende registreer.
- Indien jy een van die 10 gekose boere is, sal ons jou voor **<u>30 OKOTOBER 2026</u>** telefonies in kennis stel.
- Kontak **Verene** by Wolflight Films SA indien jy enige verdere inligting benodig by:**079 614 2229,** of epos hul by **boer@wolflightsa.com**

Indien jy inskryf, verklaar jy die volgende:

1. Jy is 'n Suid-Afrikaanse burger.
2. Jy aanvaar dat die reëls en bepalings van "Boer Soek 'n Vrou 19" (die program), soos van tyd-tot-tyd neergelê sal word deur **WOLFLIGHT** (die "vervaardiger") en/of kykNET (die "uitsaaier"), bindend is en jy aanvaar dat die besluite van die vervaardiger/uitsaaier finaal is.
3. Jy aanvaar dat jou regte in terme van die Kopieregwet, wet 98 van 1978 (soos gewysig), toegewys word aan die vervaardiger/uitsaaier en dat jou volle deelname aan die program opgeneem en uitgesaai mag word en dat die regte op hierdie uitsendings in die toekoms aan die vervaardiger/uitsaaier behoort, wat jou toewysing aanvaar.
4. Jy verklaar dat al die inligting wat in jou aansoekvorm verskaf is, waar en korrek is en jy aanvaar dat jy gediskwalifiseer kan word as die teendeel blyk en dat die vervaardiger en/of uitsaaier die inligting in jou aansoekvorm in die program mag gebruik.
5. Jy verstaan dat die vervaardiger/uitsaaier nie aanspreeklik is vir enige verlies wat spruit uit jou inskrywing, of jou deelname aan enige aspek van die program nie.

Let daarop dat daar van jou verwag sal word om 'n volledige stel bepalings en voorwaardes te onderteken sou jy gekies word vir deelname aan *"Boer Soek 'n Vrou 19"*

Geteken:________________________________________ Op (plek):_________________________________ ___Datum:________________2026